Agri SA

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X 180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

VEROOTMOEDIGING VIR DIE LAND EN LANDBOU
DAY OF PRAYER FOR COUNTRY AND AGRICULTURE

12 November 2015

VEROOTMOEDIGING VIR DIE LAND EN LANDBOU

“Probleme en knelpunte is nie uniek aan die land en die landbou nie, maar wanneer die natuur en spesifiek die dierelewe verswelg word deur droogtetoestande soos wat tans in die land ervaar word raak dit die hart van alle mense aan”, sê Johannes Möller, president van Agri SA.

Agri SA het met waardering kennis geneem van verskeie geleenthede, waartydens die publiek hulle kan verootmoedig en voorbidding doen vir reën om spoedig verligting te bring vir die droogtewurggreep, waarin die land hom tans bevind.

Möller het bygevoeg dat die landbou tans klimaatsuiterstes van ‘n ongekende omvang ervaar wat die vermoë om normaal te produseer en voedselsekuriteit vir die land te verseker ernstig kan ondermyn.

“Die golf van ontevredenheid en kommer by landsburgers oor werksomstandighede, dienslewering, korrupsie en dies meer doen afbreuk aan ‘n vreedsame samelewing en dra by tot die polarisasie van gemeenskappe”, sê Möller. Dit is Agri SA se standpunt dat landsburgers mekaar se regte moet respekteer, goeie waardes bevorder en in ‘n gees van nasiebou ondersteunend tot mekaar optree.

“Ons meen dat hierdie veral ‘n tyd is om opnuut as medegelowiges in alle denominasies en gelowe na mekaar uit te reik. Suid-Afrikaners leef in sensitiewe en moeilike tye en daarom doen ons ‘n beroep op alle kerke en hulle lidmate om eerskomende Sondag in aanbidding uit te reik na mede-landburgers en voorbidding te doen vir reën”, sê Möller.

Ten slotte sê Möller dat Agri SA graag die biddag wat op **Vrydag, 27 November 2015 by Nampo Park om 10:00** gehou sal word, ondersteun en hy doen ‘n beroep op alle landsburgers om aan die geleentheid mee te doen.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae

Mnr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mnr Omri van Zyl, Aangewese Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 082 417 5724

DAY OF PRAYER FOR COUNTRY AND AGRICULTURE

“Problems and obstacles are not unique to the country and the agricultural sector, but when drought conditions destroy nature and specifically animal life, as is currently the case, it touches everyone’s heart,” says Agri SA’s president, Johannes Möller.

Agri SA has learned with appreciation of various events where the public can come together to pray for rain, to bring relief from the devastating drought experienced in the country at present.

Möller added that agriculture was experiencing climatic extremes of an unprecedented nature which can seriously undermine farmers’ ability to produce normally and ensure food security in the country.

“The wave of dissatisfaction and concern among people around working conditions, service delivery, corruption etc. detracts from a peaceful society and contributes to the polarisation of communities,” says Möller. Agri SA is of the opinion that people should respect one another’s rights, promote good values and, in the spirit of nation-building, support one another.

“We believe now is the time to reach out to each other as believers from all denominations and religions. South Africans live in sensitive and difficult times and we therefore call on all churches and their members to use Sunday to reach out to their fellow citizens and pray for rain,” said Möller.

In closing, Möller said Agri SA wished to support a day of prayer on **Friday, 27 November 2015 at Nampo Park at 10:00** and called on all citizens to participate in this event.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries

Mr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mr Omri van Zyl, Designate Executive Director, Agri SA, 082 417 5724